



Jacoba van Rooy (gebore Van der Walt) is in Kaapstad gebore en het gematrikuleer aan die Hoërskool Bellville in 1965. Sy het die volgende grade aan die PU vir CHO verwerf: B Mus (1970), B.Ed (1989) en M.Ed. (1993). Sy het ook die Universiteitsonderwysdiploma in Musiek aan die PU vir CHO verwerf in 1970. Sy was vir baie jare onderwyseres aan verskeie musieksentrums, die langste, byna 20 jaar, by Potchefstroom Central School, waar sy in 2009 afgetree het. In 2009 het sy die Ph.D. in Liturgiek verwerf aan die Noordwes-Universiteit met 'n studie op die terrein van kerkmusiek, in die besonder die gebruik van die nuwe Psalmboek van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Sy is tans 'n buitengewone senior lektor aan die Fakulteit Teologie van die NWU in Potchefstroom.

DIE ROL VAN DIE MELODIE IN DIE AANVAARDING VAN NUWE LIEDERE IN 'N KERKGEMEENSAP

JACOB VAN ROOY

NAVORSINGSEENHEID VIR REFORMATORIESE TEOLOGIE

FAKULTEIT TEOLOGIE

POTCHEFSTROOMKAMPUS, NOORDWES-UNIVERSITEIT

ABSTRACT

The Role of the Melody in the Acceptance of New Hymns in Congregations

In many countries, efforts are being made to enlarge the repertoire of hymns used in churches. This paper builds on a questionnaire sent to members of the Reformed Churches in South Africa. The questionnaire put questions about the usage frequency of hymns found in the hymnal of this denomination. In the process of selecting new hymns for a hymnal, the characteristics required of a hymn are taken into account, including the musical aspects. This paper deals with the question whether the melody of a new hymn could play a significant role in the acceptability of the hymn. It also defines the hymn in the reformed tradition and analyses a number of new hymns that are frequently sung in the churches.

The investigation emphasises the need for new hymns in the Reformed Churches, especially New Testament hymns and hymns suitable for use during the different periods of the ecclesiastical year. New hymns in the new hymnal of the Reformed Churches (*Psalmboek*, 2003) that have been accepted quickly usually have short melodies that consist of four phrases, with some kind of repetition in the melody and often with melismas. The conclusion of the paper is that the melody can play a significant role in the acceptance of a new hymn.

INLEIDING

Daar is tans allerlei bewegings aan die gang om die kerkliedrepertorium op een of ander wyse in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) uit te brei. In 'n vraelys wat in 2008 aan predikante en ander lidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) uitgestuur is, is onder andere vrae gestel oor die gebruiksfrekwensie van liedere wat in die kerke gesing word (Van Rooy, 2009). Respondente is ook uitgenooi om verdere kommentaar te lewer. In die reaksie op hierdie uitnodiging het die versoek telkens voorgekom dat die repertorium van die kerklied uitgebrei moet word. Dit is 'n probleem wat alreeds vroeër geïdentifiseer is en tot die verskyning van nuwe liedboeke in Suid-Afrika gelei het, byvoorbeeld die *Liedboek van die Kerk* (2001), die *Psalmboek* (2003) en *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* (2005). Tog vra hierdie saak telkens weer die aandag van predikante, lidmate en navorsers.

Dit is nie net in Suid-Afrika waar hierdie tendens voorkom nie. In Nederland word tans 'n daadwerklike poging aangewend om die repertoire van die sogenaamde opwekkingsliedere uit te brei (Smelik, 2005:153-168). Die liedere wat uit die Taizé-beweging in Frankryk voortvloei, moet ook nie uit die oog verloor word nie. Met hierdie liedere word duisende jongmense bereik wat nog nooit van die Evangelie gehoor het nie (Vernooij, 2005:265). Die uitbreiding van die liedereskat vind ook in die meer tradisionele kerke plaas in lande soos Amerika. Hierop gaan Westerfield Tucker (2001:22-23) in fyner besonderhede in (vergelyk ook Hamilton, 2001:12).

In die tradisionele kerke van vandag heers taamlik baie verwarring – in die een gemeente word geen ruimte gelaat vir nuwe liedere nie; in 'n ander word enige lied gesing (Schelling, 1989:69). Telkens laat mense hulle eerder lei deur hul gevoelens en die vrees vir konflik as deur 'n weldeurdatte beleid (Van Rooy, 2009:260). 'n Pleidooi vir nuwe liedere beteken nie dat enige nuwe lied op 'n lukraak wyse in 'n bundel opgeneem kan word nie, maar die keuring van liedere behoort volgens 'n behoorlike sisteem plaas te vind. Daarom is dit belangrik om na te dink oor hoe 'n goeie kerklied daar uitsien. Die vraag wat hieruit voortvloei, is enersyds watter maatstawwe en vereistes aangelê moet word om liedere vir 'n nuwe liedboek of vir gebruik in die kerke te keur. Andersyds moet daar ook besin word oor die eienskappe wat so 'n lied vir 'n gemeente aanvaarbaar sou maak. Laasgenoemde kwessie is deel van die huidige problematiek dat die mens se belewenis dikwels op die voorgrond geplaas word ten koste van die wesentlike kenmerke van die kerklied. 'n Aantal wesentlike kenmerke van die kerklied word in die artikel bespreek, maar die outeur wil veral dieper ingaan op die vraag of die melodie 'n rol kan speel in die spoedige aanvaarding van nuwe liedere.

Eerstens bied die artikel dus 'n omskrywing van 'n kerklied in die gereformeerde tradisie. Daarna word gefokus word op die eienskappe van so 'n lied en wat navorsers meen die riglyne daarvoor behoort te wees. Dit word gevolg deur die ontleding van 'n aantal nuwe liedere wat volgens 'n empiriese ondersoek in kerke 'n hoë gebruiksfrekwensie het. Die artikel sluit af met enkele gevolgtrekkings.

OMSKRYWING VAN DIE KERKLIED

Die kerklied is 'n lied wat veral in die erediens gebruik word. Die inhoud van die lied verwoord die gelowige se geloof, en met die lied reageer die gelowige op die Woord wat verkondig word (Van Rooy, 2009:259). Omdat die verkondigingsfunksie van musiek in die konteks van die gereformeerde belydenis voorop staan, is dit belangrik om daarvan bewus te wees dat populariteit (met ander woorde dat 'n lied gou ingang vind en gewild word by 'n gemeente) nie die enigste maatstaf vir die aanvaarding van 'n nuwe kerklied is nie; die gepastheid van 'n lied as 'n kerklied hou baie meer in (Viljoen, 1997:31). Dat daar ruimte vir variasie in die gepastheid is, blyk uit Smelik (1999:128-129) se mening dat daar aanvaar moet word dat elke lied op sy eie manier taal en musiek kombineer. Hy beklemtoon egter ook dat daar nie gekonsentreer moet word op liedere wat bloot vir die mens aanvaarbaar is en by die tydsgees pas nie. Volgens hom het die kerklied betrekking op die primêre doel van die kerk op aarde: om God te dien en te loof. Die kerk is, volgens die Skrif, 'n huis van gebed (Jes. 56:7).

Ook op musikale gebied moet die kerk hom dus nie anders voordoen as wat hy is nie. Ongelukkig word ongegronde idees oor kerkliedmelodieë soms gevorm, naamlik dat dit leweloos en ouderwets is en dat die styl grootliks eenselwig is (Smelik, 1999:132). Hierdie negatiewe gevoel is in gereformeerde kringe eerstens dikwels 'n reaksie teen die tradisie waarin die Geneefse psalmmelodieë 'n dominante plek inneem. Die geskiedenis van die kerklied dui egter die teendeel aan. Nog 'n rede waarom mense die kerklied veroordeel, is die vermeende te stadige tempo (Smelik, 1999:131). Die waarheid is dat daar 'n groot verskeidenheid melodietipes in die kerklied voorkom. Waardering vir die kerklied binne die kerk hang nou saam met die opvatting van die kerklied in 'n bepaalde kerkgemeenskap. Respek en ruimte is noodsaaklik vir die diversiteit in die kerklied ten opsigte van die melodie, die teks en in besonder die taalregister waarin die liedere geskryf is. Trouens, die diversiteit van die kerklied, sowel inhoudelik, taalkundig as musikaal, behoort 'n pluspunt in enige bundel te wees, want dit weerspieël verskeidenheid in die kerk (Smelik, 1999:134). Wat hierby aansluit, is die eienskappe wat so 'n lied behoort te hê.

KENMERKE VAN DIE KERKLIED

Pasveer (2001:328-330) stel 'n aantal belangrike kenmerke waaraan 'n kerklied in die algemeen moet voldoen, naamlik:

- In die gees en tradisie van die kerk is die kerklied deel van die liturgie; oftewel, die liturgie bied die ruimte waarbinne die gelowige kerkmusiek beoefen. Kerkmusiek moet dus binne hierdie raamwerk funksioneer.
- In die gemeentesang moet daar bo alles gedink word aan God en sy dae. Dit moet in die liedere tot uiting kom, wat beteken dat die kerklied Skriftuurlik moet wees.
- Die kerklied, wat toegepaste digkuns is, word in die erediens/ontmoeting van die gemeente met God gebruik; daarom is dit gepas dat dit literêr van 'n goeie gehalte moet wees. As 'n gemeentelied moet dit egter aansluit by die aard en karakter van die gemeente. Dit behels dat die lied verstaanbaar en nie duistere poësie moet wees

nie. Dit mag ook nie berymde dogmatiek word nie. In sang word die grense verbreed, word woorde in 'n ruimte geplaas wat groter is as die alledaagse. Wanhoop, protes en troos is hierin teenwoordig.

- Die teks en die melodie van die kerklied as kunswerk is nie 'n doel op sigself nie, maar 'n middel tot lofprysing, verootmoediging, skuld-belydenis, geloofs-belydenis, gebed en smeking. In die lig hiervan mag die melodie nie die teks oorskadu nie; dit moet die teks dien en nie oorheers nie. Dienende kuns is egter nie minderwaardige kuns nie en moet soos die teks van 'n hoë gehalte wees.
- Die kerklied moet deur almal gesing kan word. Dit hou in dat dit ritmies nie te ingewikkeld mag wees nie en dat die omvang (die afstand tussen die hoogste en die laagste noot) nie te groot mag wees nie. Met die oog daarop dat almal kan saamsing, moet kerkmusiek in die spanningsveld tussen die verlede en die hede beweeg – ou en nuwe liedere in liederebundels is dus aan te beveel.
- Die kerklied vra om 'n sterk melodie wat die toets van die tyd kan deurstaan.

Sikkema (1998:189-190) herinner daaraan dat daar in die beoordeling van kerkliedere drie aspekte in aanmerking geneem moet word, naamlik die poëtiese, die musikale en die inhoudelike. Uiteraard moet dit 'n volwaardige digterlike produk met Skriftuurlike inhoud wees (Sikkema, 1998:193). Ook De Heer (1999:77-78) wys op die belangrikheid van bogenoemde drie sake. Vir haar moet 'n goeie kerklied in ooreenstemming met die Skrif wees, moet die vormgewing deur liedere uit die Skrif gelei word en moet die melodie die inhoud van die teks aanbied, ondersteun en intensiveer. Daar is dus 'n wisselwerking tussen inhoud, teks en musiek (vergelyk ook De Keyser, 2000:261). De Keyser (2000:266) brei uit op die drie sake as hy oordeel dat daar sewe aspekte in die praktyk na vore kom, naamlik die woord, die toon (melodie), die vorm, die keuse, die digter, die komponis en diegene wat die lied uitvoer. Smelik (2005:52-53) toon aan dat die kwaliteit van kerklied inhoud dat dit aan bepaalde funksies moet voldoen, soos musikale geskiktheid. Die vraag is dus of die musiek voldoen aan die eise van bepaalde doelstellings en funksies en of dit daarvoor geskik is. Styl het te doen met die waardes en norme wat in 'n bepaalde groep, periode en konteks geld. Dit sluit ook in dat dit gepas is om te streef na die beste wat uit die skepping gehaal kan word wanneer 'n mens God dien. Dit beteken verder dat daar nagedink moet word oor die vraag of alle religieuse musiek en liedgenres vir gebruik in die erediens geskik is. Die NG Kerk het 'n beleid neergelê dat die lied tegnies goed moet wees, wat behels dat aandag gegee word aan die musikale vereistes soos tempo, toonhoogtes, ritme, dinamiek (intensiteit), frasering, tekstuur en ontwerp (Heyns, 1996:7).

Die belangrikheid van die balans tussen woord en melodie moet nie onderskat word nie. Indien die verkondigingsfunksie van die kerklied vooropstaan, kan gevra word of die estetiese aspekte soveel beklemtoon moet word. Strydom (1998:4-7) oordeel dat die estetika van die lied juis 'n Bybelse eis is. Hy vestig die aandag op 'n aantal norme wat ter sprake is waar Christelike kunsbeoefening plaasvind: eenvoud (beskeidenheid, ongekonstelheid), nugterheid (soberheid, matigheid), geen triomfantelisme nie, geen sentimentaliteit nie, verstaanbaarheid, genuanseerdheid, speelsheid (teenoor verbeeldingloosheid, leweloosheid en meerdimensionaliteit) en eerlikheid (waarheid, opregtheid). Vermeulen (2011:43) meen dat die belangrikheid van estetika in die

gereformeerde erediens tot dusver afgeskeep en selfs geïgnoreer is, terwyl die klem op ander fasette geval het. Gevolglik word die totale mens nie in die erediens aangespreek nie.

Wat die vereistes vir die kerklied dus betref, moet drie sake besondere aandag kry, naamlik die inhoud, die teks (taalkundige en literêre aspekte) en die melodie. Hierdie drie sake het met die liedere as sodanig te doen, maar daar is ook verwagtinge aan die kant van diegene wat die opdrag vir 'n nuwe liedboek of 'n nuwe lied gee. In die gereformeerde tradisie word veral waarde geheg aan sake soos die Skriftuurlikheid van die kerklied en die literêre en musikale kwaliteit. Die woorde en musiek moet fyn gebalanseer wees. Hierdie balans staan bekend as die woord-toonverhouding. Tans word fyn gelet op die woord-toonverhouding van die kerklied, en in besonder die berymde of omgedigte psalm (Van Rooy, 2009:274). Hierdie kenmerk speel 'n belangrike rol in die sukses en aanvaarding van 'n nuwe lied al dan nie.

EMPIRIESE ONDERSOEK

In 2008 is 'n empiriese ondersoek onder lidmate van die GKSA gedoen om onder andere vas te stel hoedanig die *Psalmboek 2003*¹ ingang gevind het in die gemeentes waar dit gebruik word. Die ondersoek het in drie fases plaasgevind (vergelyk Van Rooy 2009:309-460).

In fase 1 is 'n versoek aan predikante van die GKSA gerig om 'n opgawe te voorsien van die liedere wat gedurende een jaar tydens eredienste gesing is. As 'n lied meer as een keer gesing is, is die aantal kere wat dit gesing is ook getel. Predikante het redelik aan die versoek voldoen. In totaal is daar uit die psalms en Skrifberymings in die twee psalmboeke wat in die GKSA gebruik word, meer as 15 000 liedere aangedui wat in die periode van een jaar in die betrokke gemeentes gesing is. Van hierdie liedere is 73,5% ou liedere (psalms van die 1936-beryming en die oorspronklike 50 Skrifberymings) en 26,5% nuwe liedere (psalms van die 2001-omdigting en Skrifberymings wat by die oorspronklike 50 gevoeg is).

In fase 2 is drie vraelyste uitgestuur. Die eerste vraelys was bedoel vir predikante, die tweede vir orreliste en die derde vir lidmate van die GKSA. Die vraelys het 'n verskeidenheid sake gedek wat vir die ondersoek belangrik was. Onder andere is vrae gevra oor liedere wat wel gesing word of nie gesing word nie. Die keuse van liedere is bepaal deur die terugvoer wat in fase 1 verkry is, met 'n keuse van liedere wat weinig of nooit gesing word nie en nuwe liedere wat gou ingang gevind het. Op verskillende plekke is die moontlikheid geskep dat respondente aanvullende opmerkings kon skryf. Aan die einde van die vraelys was 'n oop vraag wat verneem het of daar enige verdere kommentaar was. Verskeie van die respondente het hier kommentaar

¹ In die GKSA is tans twee psalmboeke in gebruik, die *Psalmboek 2000* en die *Psalmboek 2003*. Eersgenoemde bevat die 150 psalms van die 1936-beryming (grotendeels van J.D. du Toit) en 'n aantal Skrifberymings. Laasgenoemde bevat hierdie liedere, asook die 2001-omdigtings (grotendeels van T.T. Cloete).

Die volledige verwysing is *Die berymde Psalms in gebruik by die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* (Psalmboek, 2000).

Die volledige verwysing is *Psalmboek: die berymde en omgedigte Psalms en ander Skrifberyminge in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* (Psalmboek, 2003).

gelewer. Hieruit het onder andere geblyk dat daar by lidmate en predikante 'n behoefte aan meer Nuwe-Testamentiese liedere is. Daar is ook te min liedere wat vir die kerklike jaar gepas is en 'n behoefte aan meer dogmatiese liedere (Van Rooy, 2009:422-424). Die behoefte aan meer Nuwe-Testamentiese liedere hang saam met die aard van die *Psalmboek 2000*, wat tot in 2003 die enigste liedboek was wat in die GKSA gebruik is. Die boek bevat die 150 psalms wat Totius berym het, asook die 50 Skrifberymings van Totius. Alhoewel daar tot in 2003 enkele ander berymings, ook Nuwe-Testamentiese berymings, by die boek gevoeg is, is dit oorwegend 'n boek met Ou-Testamentiese liedere. Daar is weinig liedere in die boek wat gepas is om met Kersfees, Paasfees, Opstandingsdag en Hemelvaartsdag, asook Pinkster, te sing.

In fase 3 is onderhoude met vyf predikante en vyf orreliste (uit vyf gemeentes) gevoer. Dit het geskied aan die hand van 'n basiese skema wat opgestel is op grond van die inligting wat in fase 1 en 2 bekom is.

ONTLEDING VAN DIE MELODIË VAN NUWE LIEDERE WAT 'N HOË GEBRUIKSFREKWENSIE HET

In fase 2 van die ondersoek is terugvoer gevra oor 'n twintigtal liedere in 'n vraelys, soos wat hierbo bespreek is. Aangesien die nuwe liedere nie in die *Psalmboek 2000* voorkom nie, is die nuwe liedere waarvoor navraag gedoen is, beperk tot die *Psalmboek 2003*. In die vraelys is daar op grond van die gebruiksfrekwensie agt nuwe liedere met 'n hoë gebruiksfrekwensie gekies. Drie van hierdie liedere gebruik melodieë wat reeds in die *Psalmboek 2000* opgeneem is. In die vraelys was daar dus vyf liedere met melodieë wat nie in die *Psalmboek 2000* voorkom nie. Hierdie vyf liedere se melodieë word nou ontleed om te bepaal watter moontlike invloed die melodie op die hoë gebruiksfrekwensie van 'n betrokke lied kon gehad het. In die algemeen kan gesê word, dat die vyf liedere uit die 2001-psalmomdigting en die nuwe Skrifberymings gereeld tydens eredienste gesing word. Die liedere wat gekies is, is die volgende: Psalm 29, Psalm 111, Skrifberyming 3-4, Skrifberyming 7-2 en Skrifberyming 12-3. Die meeste van die liedere was ook deel van die twee lyste waarvoor spesifieke terugvoer gevra is in die vraelys wat uitgestuur is. In die bespreking van elk van die liedere word 'n aanduiding van die gebruiksfrekwensie en die terugvoer gegee. Hulle word bespreek in die volgorde van hoë na lae gebruiksfrekwensie.

Skrifberyming 12-3

Van al die nuwe liedere is Skrifberyming 12-3 die gewildste (175 keer gesing). Die terugvoer is oorweldigend positief (vergelyk Van Rooy, 2009:355; 359; 362; 364; 367; 374; 377). Hierdie Skrifberyming is 'n dogmatiese lied wat handel oor artikel 1 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis en dit is deur Schutte Venter (1946-2001) geskryf. Die lied is ook as Lied 265 in die *Liedboek 2001*² (2001:168) opgeneem. Die melodie is oorspronklik vir die Duitse kerklied "Schönster Herr Jesu" gekomponeer. Volgens die *Evangelische Gesangbuch* (1994:403, tweede melodie) en

² Voortaan word die verkorte verwysing gebruik vir Liedboek van die Kerk vir gebruik by die erediens en ander byeenkomste (Liedboek, 2001).

die *Liedboek 2001* (2001:168) word die melodie nie aan 'n spesifieke komponis toegeskryf nie, maar aan 'n plek. Die *Evangelische Gesangbuch* gee die ontstaansdatum en plek van herkoms aan as vóór 1842 en die dorp Glatz in die toenmalige Duitsland. Tans is die gebied in Pole en die dorp staan bekend as Kłodzko (Anon., 1975:852). In die *Liedboek 2001* (2001:168) word die plek van herkoms aangedui as Silesië (1842), die provinsie waarin die betrokke dorp geleë was.

In die *Psalmboek 2003* is die melodie van Skrifberyming 12-3 in E-mol majeur geskryf, met geen modulاسies nie, en dit bestaan uit ses frases. 'n Kenmerk van die melodie is die melismatiek wat in frase 1, 2, 4 en 5 op vier plekke voorkom, telkens met 'n afwaartse intervalsprong van 'n mineur tert. Die Duitse weergawe van die kerklied het meer melismas – in frase 1, 2, 4 en 5. In die weergawes van die melodie van die Afrikaanse liedere in die *Liedboek 2001* (Lied 168, 265 en 542) verval die melismas van die derde frase en word die (teks-)frase opgevul met lettergrepe. In werklikheid het die melodie nie verander nie. Vir die laaste frase word daar in die melodie van die Afrikaanse weergawe 'n aanpassing gemaak om 'n ekstra lettergreep in te pas, en die gepunteerde ritme in die melodie van die Duitse weergawe word in die melodie van die Afrikaanse weergawe met 'n reëlmatige ritme vervang. Dit bring mee dat die melodie van die Duitse weergawe 'n rustige, statiese einde het, terwyl die melodie van die Afrikaanse weergawe ietwat vloeiender is.

The image shows a musical score for a hymn in E-flat major (three flats) and 4/4 time. It consists of four staves of music with lyrics underneath. The lyrics are: "E - nig-ste He - re, en - ke-le We - se, ons glo in U met ons he - le hart. Heer - lik be - ly ons, vry - uit ge - tuig ons: U is vir e - wig God en Heer." The melody is simple and hymnic, with a mix of quarter and eighth notes. There are melismas (long notes) under "re," "le," "ly," and "Heer." The score ends with a double bar line.

Voorbeeld 1: Skrifberyming 12-3 (*Liedboek 2001*, Lied 265; Schutte Venter)

Die struktuur van die melodie lyk soos volg: ABCD. Die teks het nie eindrym nie en die lettergreep telling is 10, 9, 10 en 8. As die genoemde aspekte in ag geneem word, is die struktuur onreëlmatig. Tog blyk dit dat dit een van die mees geliefde liedere te wees wat gedurende die jaar van die ondersoek in die liturgieë van talle gemeentes gesing is. Dus kan die afleiding gemaak word dat die melodie nie moeilik is om aan te leer nie en dat die inhoud van die omdigting tot lidmate spreek. In die ritmiese struktuur is daar ooreenkomste tussen frase 1 en 3 (waar die

melismas voorkom), wat 'n mate van balans bring. Mate 3-4 is 'n sekwens³ van mate 1-2. Mate 11-12 is op hul beurt 'n sekwens van mate 9-10. Die sekwense is waarskynlik die rede waarom die melodie maklik sing en aanleer. Die woord-toonverhouding lewer geen probleme op nie, en die melodie vloei gemaklik. Die posisie van die hoogste toon, E-mol in frase 2, mag probleme oplewer as in gedagte gehou word dat dit 'n kort noot is wat met 'n sprong benader en opgevolg word. Daarom word aanbeveel dat die melodie 'n halftoon laer na D majeur getransponeer word, soos in die melodie van die Duitse weergawe die geval is. Die omvang van die kerklied beslaan die intervalsafstand van 'n oktaaf, en indien die transposisie deurgevoer kan word, sal die ligging van die tessituur⁴ ook gemakliker wees. Tans is dit effens te hoog. Hierdie lied is 'n baie goeie voorbeeld van 'n suksesvolle dogmatiese lied wat nie net in die GKSA nie, maar wyer byval vind. Dit blyk daaruit dat dit ook in die *Liedboek 2001* opgeneem is. Sowel die woorde as die melodie speel 'n positiewe rol in die resepsie van die lied.

Psalm 111 (2001)

Psalm 111 is die loflied van 'n enkeling en dus behoort dit liturgies goed gebruik te kan word. Volgens die empiriese ondersoek is die 1936-beryming van die psalm 16 keer gesing, wat relatief min is in vergelyking met die 2011-omdigting van die psalm, wat 109 kere gesing is, die meeste wat enige psalm gesing is in die kerke wat terugvoer gegee het. 'n Moontlike rede vir die lae gebruiksfrekwensie van die 1936-beryming is dat die melodie nie gewild is nie. Vir die 2001-omdigting van Psalm 111 en 112 het Izak Grové 'n nuwe melodie geskryf. Dat die gebruiksfrekwensie van die 2001-omdigting van Psalm 111 volgens die ondersoek so hoog was, getuig onder andere van die gewildheid van die melodie. Samevattend kan gesê word dat die terugvoer oor die lied oorweldigend positief was (Van Rooy, 2009:355; 358; 362; 366).

Psalm 112 is ook relatief gewild (49 keer gesing), maar nie so gewild soos Psalm 111 (met sy 109 kere) nie (Van Rooy, 2009:366). Die rede daarvoor is lê waarskynlik in die liturgiese bruikbaarheid van die inhoud van die twee liedere (Van Rooy, 2009:403). Waar Psalm 111 'n loflied is, het Psalm 112 'n wysheidskarakter. Psalm 112 is baie gepas ná die Wet in die liturgie, maar moet meesal plek maak vir ander liedere wat dikwels ná die Wet gesing word, byvoorbeeld Psalm 1, 19 en 119, en die nuwe Skrifberyming 9-3, wat ook uiters gewild is (125 keer gesing).

Psalm 111 en 112 met die nuwe melodie is sogenaamde “keervers”-liedere wat in die *Psalmboek 2003* opgeneem is.⁵ In die *Psalmboek 2003* (2003:555) word die eerste deel, wat


³ 'n Sekwens is 'n melodiese of polifoniese idee wat uit 'n kort motief bestaan wat suksesvol op verskillende toonhoogtes herhaal kan word. Dit kan op twee maniere geskied: 'n diatoniese of 'n werklike transposisie. Die sekwens kan in die konstruksie van 'n melodie of in 'n tema gebruik word (Drabkin, 2001a:107-108).

⁴ Die term dui op dié deel van die stemomvang waarmee met gemak gesing kan word (Ottermann en Smit 2000:243).

⁵ Luidens die voorwoord van die *Liedboek van die kerk 2001* (2001:22) word 'n *keerverslied* as volg gedefinieer:“(Dit) begin met 'n keervers, dit wil sê met die toonsetting van 'n kort spreuk of oproep wat die sentrale gedagte van die lied saamvat. Dit word vóór die eerste strofe gesing en dan telkens ná elke strofe herhaal.”

telkens terugkeer, as “keervers” aangedui, terwyl die strofes as “psalmvers” aangedui word.

Keervers:



Laat ons met ont - sag Hom noem,
in ons lied die He - re roem.

Psalmvers:



1. Kom met die op-reg-tes saam,
loof sy wer-ke, prys sy Naam.
Wie in vreug-de daar-oor dink,
laat 'n lof-lied oor Hom klink. (Herhaal keervers)

Voorbeeld 2: Psalm 111 (T.T. Cloete)

Keervers

Die “keervers” bestaan uit twee reëls, naamlik:

*Laat ons met ontsag Hom noem,
In ons lied die Here roem.*

Die melodie bestaan uit twee frases. Die eerste frase bestaan uit twee mate. Dit begin op die mediant (die derde toontrap), word vyf keer in gelyke nootwaardes (kwartnote) herhaal en daal dan trapsgewys na die tonika (eerste toontrap). Die frase eindig met 'n halfnoot. Frase twee begin op die dominant, waarna die melodie 'n tert (derde) afwaarts beweeg, gevolg deur 'n sprong van 'n kwart (vierde) opwaarts en dan 'n trapsgewyse daling vanaf die submediant (sesde toontrap) tot by die tonika (eerste toontrap), waarmee die “keervers” eindig. In die derde maat verskyn 'n melisma op die vierde polsslag in agtstenootwaardes. Wat die melodie betref, word hier van 'n diatoniese, dalende deurgangsnoot gebruik gemaak. Die ritme in die twee frases is dus basies dieselfde. Die aanvang van die oproep word in hierdie geval met 'n kragtige herhalende noot gedoen, wat 'n baie goeie tegniek is om die imperatief te beklemtoon. Om voortstuwing te bewerkstellig, beweeg die melodie telkens met 'n trapsgewyse afwaartse beweging na die

tonika. Die spronge by die aanvang van die tweede frase bring balans in die struktuur. Dit word weer eens afgesluit met 'n dalende passasie na die tonika. Die omvang beslaan die interval van 'n sekst (sesde). Die woord-toonverhouding is geslaagd en die oproep om in 'n lied "die Here (te) roem" word in 'n gepaste styl gedoen. Die ligging van die tessituur is heeltemal geskik vir 'n ongeoefende stem.

Psalmvers

Wat die samestelling van die melodie betref, is die derde frase 'n presiese herhaling van die eerste frase. Die tweede frase sluit af met 'n noot wat deel is van die dominantakkoord. Die vierde frase sluit af met die dominant (vyfde toontrap). 'n Baie geslaagde modulاسie (verandering van die toonsoort) vanaf E-mol majeur na die dominanttoonsoort, B-mol majeur, word in maat 11 en 12 van die "psalmvers" aangetref. Hierdie tegniek lei tot spanning en afwagting en is terselfdertyd 'n goeie voorbereiding vir die terugkeer na die "keervers" in die oorspronklike toonsoort (E-mol majeur). Die ritme in al vier reëls is presies dieselfde. Daar is genoeg variasie in die toonhoogte om die melodie interessant en sprankelend te laat klink sodat dit nie op verveling afstuur nie. Herhaling van die frases en die ritme maak dit maklik om die lied aan te leer. Dat mate 7-9 'n presiese herhaling van mate 1-3 is, bevorder kohesie; so ook die trapsgewyse daling by die laaste drie note van elke frase-einde. Aan die ander kant dra die afwisseling van die trapsgewyse beweging, spronge, herhaling, teenbeweging en die modulاسie daartoe by dat daar 'n goeie balans in die struktuur is. In die laaste frase verskyn die klimaks, wat bydra tot 'n gepaste woord-toonverhouding. Die karakter van die "psalmvers" in die lied is meer gedrae soos dié van 'n koraal. Dit bewerkstellig op sy beurt variasie met die "keervers", wat 'n heeltemal ander karakter het omdat dit 'n aankondiging maak. Die omvang beslaan die afstand van 'n majeur septiem (sewende). Wat die tessituur betref, lê die toonhoogte heeltemal gemaklik binne die stemomvang van 'n gemiddelde sanger.

Hierdie suksesvolle melodie dra baie by tot die verryking van die *Psalmboek 2003*.

Skrifberyming 7-2

Hierdie lied is 'n nuwe Skrifberyming wat J.P. Bingle uit Openbaring 22:12-15, 16b-17a, 20 omgedig het. Volgens die opname is die lied baie gewild (88 keer gesing) en die terugvoer oor die lied is ook positief (vergelyk Van Rooy, 2009:354; 359; 374; 377).

Die oorspronklike melodie is in 1715 deur Christian Witt vir die lied "Jesu, meine Liebe" gekomponeer. In 1841 is dit te Barmen aangepas. In die *Liedboek 2001* word die melodie vir Lied 525 gebruik.

Die Be - gin en Ein - de,
 Al - fa en O - me - ga,
 hoor, dis Ek wat kom!
 Hou my wet en woor - de
 tot jy deur die poor - te
 vei - lig bin - ne - kom.
 Bui - te bly die bo - se staan,
 son - daars wat voor God nie be - we.
 - Jý ont - vang die le - we!

Voorbeeld 3: Skrifberyming 7-2 (Johannes Bingle)

Die lied is in barvorm geskryf, wat uit 'n *Stollen* en 'n *Abgesang* bestaan. Die *Stollen* kom aan die begin van 'n strofe voor en bevat gewoonlik twee reëls; die *Abgesang*, wat uit twee tot vier reëls bestaan, vorm die res van die strofe. In hierdie lied bestaan die *Stollen* uit die eerste ses frases (3 + 3) en die *Abgesang* uit die laaste drie frases. Die struktuur lyk soos volg: ABCABCDDE. Frase 8 is 'n gewysigde sekvens van frase 7. Melismas kom voor in frase 1 en 2 (4 en 5). Die melodie is in D majeur gekomponeer. Daar is geen toonsoortverandering nie. Dit is 'n melodie wat gemaklik vloei en 'n klimaks in frase 8 bereik. Spronge en trapsgewyse bewegings wissel mekaar goed af en die melismas vorm 'n karakteristieke eienskap van die melodie. Die lettergreetelling is 6, 6, 5, 6, 6, 5, 7, 8 en 6. Die rympatroon van die eerste strofe is abcddefgg en in die tweede strofe is dit aabccbdee; daar is dus geen vaste rympatroon nie. Die omvang dek 'n intervalsafstand van 'n oktaaf en die ligging van die tessituur lê gemaklik binne die omvang van 'n gemiddelde kerkganger

se stem. Wat die woord-toonverhouding betref, is daar geen probleme nie. Hierdie is 'n melodie wat enige gemeente met gemak kan aanleer. Dit is beslis 'n wins in die *Psalmboek 2003*.

Skrifberyming 3-4

Hierdie lied is 'n nuwe Skrifberyming wat uit die *Liedboek 2001* (Lied 306) oorgeneem is. Volgens die opname oor die liedere het dit byval by die gemeentes gevind (43 keer gesing). Die terugvoer oor die lied is positief, alhoewel nie baie sterk positief nie (Van Rooy, 2009:354; 359; 362; 366; 374).

Die melodie van "U, Christus, is my lewe" behoort oorspronklik by die sterflied "Christus, der ist mein Leben" deur Melchior Vulpius. Laasgenoemde is vir die eerste keer in 1609 gepubliseer, in die *Schön geistlich Gesangbuch*. Dit is ook in die *Evangelische Gesangbuch* (1996) opgeneem. Die oorspronklike lied het spoedig algemeen bekend en geliefd geword sodat dit mondeling versprei en oorgelewer is. Op hierdie wyse het 'n hele aantal teks- en melodiewysigings ontstaan. In 1627 skryf Josua Stegmann die lied "Ach bleib mit deiner Gnade" op hierdie melodie van Vulpius, of 'n variant daarvan, want die vroeg-Duitse liedboeke het al die melodiese variante (of afwykings) genoteer. Die weergawe is ook die een wat Bach gebruik het (Vogel, 1977:954).

U, Chris - tus, is my le - we,
die ster - we wins vir my.
In le - we en in ster - we
is ek aan U ge - wy.

Voorbeeld 4: Skrifberyming 3-4 (Lied 306; Izak de Villiers, Frits Gaum en WD Jonker)

Die Afrikaanse lied waarvoor die melodie gebruik word, is die omdigting van Filippense 1:20-27 en dit is deur die *Psalmboek 2003* uit die *Liedboek 2001* (Lied 306) oorgeneem. Die derde frase is gewysig en die eerste toon in die eerste frase is verkort van 'n halfnootwaarde na 'n kwartnootwaarde. Presies dieselfde melodie word vir Gesang 124 en 423 in die Nederlandse *Liedboek voor de Kerken* (1996:181; 621) (kyk Voorbeeld 5 hieronder) gebruik en vir Gesang 516 in die *Evangelische Gesangbuch* (1994). Die aanpassings wat in die *Psalmboek 2003* (soos oorgeneem uit die *Liedboek 2001*) aangebring is, is nie wesentlik nie. Dit verander nie die voortgang van die melodie nie, maar is waarskynlik ter wille van 'n beter woord-toonverhouding gemaak.

Die melodie bestaan uit vier frases wat twee-twee aaneen gesing moet word. Dit is in D majeur geskryf. Die struktuur lyk soos volg: ABCB. Frase 4 is 'n gewysigde herhaling van frase 2, 'n volmaakte kwart laer. Dit is 'n voortstuwende melodie, met net vier tertsspronge; die res van die melodie bestaan uit tragsgewyse bewegings. Die klimaks van die melodie verskyn in die derde frase, en die afloop skep die indruk dat alles tot rus kom. Die lettergreepstelling is 7, 6, 7 en 6, en die rympatroon is abcb (in die eerste strofe abab). Die omvang van die melodie beslaan 'n intervalsafstand van 'n majeurenone.⁶ Die woord-toonverhouding is deurgaans goed. Die ligging van die tessituur lê gemaklik binne die omvang van die gemiddelde kerkganger se stem. Soos wat die positiewe terugvoer van verskeie gemeentes aangetoon het, is hierdie melodie eenvoudig genoeg om maklik aangeleer te word. Dié nuwe melodie is duidelik 'n wins in die *Psalmboek 2003*.

i Nu daagt het in het oos - ten,
 het licht schijnt o - ver - al:
 Hij komt de vol - ken troos - ten,
 die eeu-wig heer-sen zal.

Voorbeeld 5: Liedboek voor de Kerken, Gesang 124

Psalm 29 (2001)

Die nuwe omdigting van Psalm 29 het nie die melodie van die 1936-weergawe gebruik nie, maar 'n melodie wat bekend is onder die titel "Love Divine". Dit is afkomstig is uit die Engelse himneliteratuur, en die komponis is John Stainer uit die tweede helfte van die negentiende eeu. In die kerke wat inligting verskaf het, is die omdigting 26 keer gedurende een jaar gesing. Die predikante en die lidmate het positief oor die melodie geoordeel, terwyl die orreliste effens negatief was. Wat die gebruiksfrekwensie betref, is die psalm deel van die groter groep omdigtings wat meer gereeld gesing is. Dit is dus een van die nuwe omdigtings wat redelike byval vind, alhoewel al die kerke nog nie van die psalm se moontlikhede bewus is nie (vergelyk Van Rooy, 2009:354; 362; 363-364). Dit is 'n loflied met 'n sterk kultiese inslag en kan dus liturgies goed aangewend word as 'n loflied wat die grootheid van God in sy skepping besing.

⁶ 'n None is 'n negende (een toon meer as 'n oktaaf).

Prys die He - re, he - me - lin - ge.
 Hy ver - skyn in al sy mag.
 Prys die Heer van al - le din - ge,
 buig jul neer voor sy ge - sag.

Voorbeeld 6: Psalm 29 (T.T. Cloete)

Die melodie vertoon elemente van 'n prosessielied en pas goed by die woorde van Psalm 29:1, "Prys die Here, hemelinge!" Hierdie G majeur-melodie wyk in die tweede frase uit na D majeur (die dominanttoonsoort) en keer in frase 4 terug na die tonikatoonsoort (G majeur). Dit is die toonsoortstruktuur waaraan die deursnee kerkganger se oor gewoon is. Die melodie bestaan uit vier frases met die volgende struktuur:

A bevat 'n stygende lyn van agstenote op die eerste pols van die maat,

B moduleer na die dominanttoonsoort,

A¹ is 'n melodiese herhaling van die eerste A, 'n toon hoër, en

C begin met die laaste vier tone van frase 3, effens gewysig, en die slot herinner (in omgekeerde vorm) aan die slot van B (Schuurman, 1977:1053).

Hierdie is 'n reëlmatige struktuur ABAC, waarin melodiese en ritmiese herhaling voorkom. Daar is van tegnieke soos omkering gebruik gemaak om die herhaling iets besonder te maak.⁷ Melodiese herhaling kom voor in frase 1 en 3. Ritmiese herhaling kom voor tussen frase 1 en 3 en frase 2 en 4. Melismas kom voor in frase 1 en 3. Die lettergreetelling is 8, 7, 8 en 7. Die omvang van die melodie beslaan die omvang van 'n oktaaf en die ligging van die tessituur lê redelik gemaklik vir 'n gemiddelde sanger. Dit verg 'n bietjie inspanning om die hoë klanke suiwer te laat klink, maar dit kan ingeoefen word.

Die melodie is nie ingewikkeld nie en kan met redelike gemak deur 'n gemeente aangeleer word. In hierdie psalm word lof aan God verkondig. Dit is dus 'n gepaste keuse vir 'n psalm

⁷ Wanneer 'n motief in *omkering* geskryf word, beteken dit dat die rigting waarin die motief beweeg, omgekeer word – in plaas daarvan dat die motief opgaande beweeg, beweeg dit in die herhaling in 'n afgaande rigting.

van hierdie aard. Daar is nie woord-toonprobleme nie en die rympatroon is abab, wat met die musikale struktuur versoenbaar is. 'n Goeie balans tussen spronge, trapsgewyse beweging en herhaling van tone kom voor. Die melodie is 'n wins in die liedereskat van hierdie liedboek en het, soos aangetoon uit die terugvoer, reeds inslag gevind in 'n beduidende aantal gebruikers van die 2001-omdigting.

GEVOLGTREKKINGS

- Dit is duidelik dat die saak van die uitbreiding van die liedereskat nie net in Suid-Afrika nie, maar in menige ander lande 'n knelpunt is.
- In 'n empiriese ondersoek wat in 2008 onder lidmate, predikante en orreliste van die GKSA gedoen is, het aan die lig gekom dat daar veral 'n behoefte aan meer Nuwe-Testamentiese liedere by predikante en lidmate is. Predikante het die leemte in dogmatiese liedere en liedere wat by die kerklike jaar pas, aangeroen.
- Om die uitbreiding van die repertorium van die kerklied na behore te laat plaasvind, word 'n behoorlike sisteem vereis waarvolgens liedere gekeur kan word.
- Nuwe liedere wat in die *Psalmboek 2003* ingang gevind het, was veral die korter, vierreëlige strofes, wat een of ander vorm van herhaling ingesluit het, soos Psalm 29, Skrifberyming 3-4 en Skrifberyming 12-3.
- 'n Verdere eienskap wat na vore gekom het, is die keervers soos in Psalm 111 en 112. Dit is 'n vorm wat maklik aanleer omdat daar soveel herhaling voorkom. Wat ook belangrik is, is dat die lied kort genoeg is om met een geleentheid dwarsdeur gesing te kan word.
- 'n Interessante verskynsel is dat daar in vier van die vyf liedere wat ontleed is (Psalm 29, Psalm 111/112, Skrifberyming 7-2 en Skrifberyming 12-3), van melismatiek gebruik gemaak word. Dit kom vry algemeen in die Duitse en die Engelse liedereskat voor. Besondere eienskappe van hierdie tegniek is, indien dit kunstig aangewend is, dat dit melodieë gemakliker laat vloei en meer lirie laat klink. Dit dra klaarblyklik daartoe by dat 'n nuwe lied toegankliker vir 'n gemeente is en dat 'n gemeente die woorde en die melodie waarskynlik makliker aanleer.
- Psalm 29 is ook 'n geval wat opval. Die Totius-weergawe is volgens die inligting wat ontvang is, nooit in enige gemeente gesing nie, terwyl die Cloete-weergawe 26 keer gesing is. Dit dui daarop dat die melodie die bepalende faktor is, want die teks is in albei die gevalle op dieselfde stof gebaseer.
- Die hele ondersoek het aangetoon dat kerke nie net by die ou bekende melodieë hoef te bly nie, maar dat nuwe liedere maklik by die bestaande repertorium gevoeg kan word.
- Uit die ondersoek is dit duidelik dat die melodie 'n beduidende rol in die aanvaarding van 'n nuwe lied kan speel. Inhoudelike aspekte en liturgiese bruikbaarheid speel ook 'n belangrike rol.
- Dit bly 'n uitdaging om 'n melodie te vind of te komponeer wat spoedig deur kerkgangers aanvaar word. Uit die ondersoek blyk dit dat korter, reëlmatige melodieë

wat ritmies nie baie ingewikkeld is nie en gemaklik binne die gemiddelde kerkganger se stemomvang lê, makliker aanvaar word. Dit blyk uit die voorbeelde wat bespreek is.

BIBLIOGRAFIE

- Afrikaanse Protestantse Kerk. 2005. Psalms en gesange vir die AP Kerk. Wellington: Lux Verbi.
- Anon. 1975. Kłodzko. (*In The new encyclopaedia Britannica*, V: 852). [Micropaedia].
- De Heer, A. 1999. Over criteria voor kerklieiden. *Eredienst*, 26(3):77-87.
- De Keyzer, A. 2000. Kiezen tussen cantus en musica: kriteria voor het gebruik van muziek en zang in de liturgie. *Tijdschrift voor liturgie*, 84(3):261-270.
- Drabkin, W. 2001. Sequence. (*In Sadie, S., ed. The new Groves dictionary of music and musicians*, vol. 23. 2nd ed. London: Macmillan. p.107-108).
- Evangelische Gesangbuch. 1994. Evangelische Gesangbuch: Ausgabe für die Evangelisch-Lutherischen Kirchen in Niedersachsen und für die Bremische Evangelische Kirche. Hannover: Lutherisches Verlagshaus.
- Hamilton, M.S. 2001. A generation changes North American hymnody. *The hymn*, 52(3):11-21.
- Heyns, C. 1996. Perspektiewe op die erediens en die kerklied. *Vir die musiekleier*, 23:4-9.
- Liedboek. 1996. Liedboek voor de Kerken. 6de uitg. Zoetermeer: Boekencentrum.
- Liedboek. 2001. Liedboek van die kerk vir gebruik by die erediens en ander byeenkomste. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- Ottermann, R. & Smit, M. 2000. Suid-Afrikaanse musiekwoordeboek/South African music dictionary. Kaapstad: Pharos.
- Pasveer, J. 2001. Postludium. (*In Luth, J., Pasveer, J. & Smelik, J., reds. Het kerklied: een geschiedenis. Zoetermeer: Mozaiek. p. 328-334*).
- Psalmbboek. 2000. Die berymde psalms in gebruik by die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom: CJBF.
- Psalmbboek. 2003. Die berymde en omgedigte psalms en ander Skrifberyminge in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Wellington: NG Kerk-Uitgewers.
- Schelling, P. 1989. Muziek & kerkewerk: aandacht voor muziek in de opbouw van de geloofsgemeenschap. 's-Gravenhage: Boekencentrum.
- Schuurman, A.C. 1977. Gezang 459. (*In Overbosch, W.G., red. Een compendium van achtergrondinformatie bij de 491 Gezangen uit het Liedboek voor de Kerken. Amsterdam: Prof. Dr. G. van der Leeuw-stichting. p. 1053*).
- Sikkema, L. 1998. Criteria voor kerklieiden. *Eredienst*, 25(6):189-193.
- Smelik, J. 1999. Omgaan met kerklieiden: respect voor de diversiteit. *Eredienst*, 26(4):128-134.
- Smelik, J. 2005. Gods lof op de lippen: aspecten van liturgie en kerkmuziek. Zoetermeer:

Boekencentrum.

- Strydom, W.M.L. 1998. Kuns in diens van die erediens? *Vir die musiekleier*, 25:4-7.
- Van Rooy, J.H. 2009. Die Psalmboek 2003 as kommunikasiemiddel in die liturgie van die erediens in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika: 'n himnologiese studie. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – Ph.D.).
- Vermeulen, O. 2011. Estetiese denke in die Gereformeerde erediens. *Vir die musiekleier*, 31(38):33-44.
- Vernooij, A. 2005. Repertoria in maten en soorten. *Jaarboek voor liturgie-ondersoek*, 21:259-276.
- Viljoen, M. 1997. Sentiment en die lied van die N.G. Kerk: 'n inhoudsanalitiese perspektief. *Vir die musiekleier*, 24:30-32.
- Vogel, W. 1977. Gezang 423, 124. (In Overbosch, W.G., red. Een compendium van achtergrondinformatie bij de 491 gezangen uit het Liedboek voor de Kerken. Amsterdam: Prof. Dr. G. van der Leeuw-stichting. p. 954).
- Westerfield Tucker, K.B. 2001. Liturgical perspectives on changes in North American hymnody in the past twenty-five years. *The hymn*, 52(3):22-27.